

**Titel: Ja, kom!**  
**Pastoor: Phillip Boshoff**  
**Datum: 12 Julie 2009**  
**Tyd: 09:00**



### **Openbaring 22:17-21**

<sup>17</sup>En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet... <sup>20</sup>Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus! <sup>21</sup>Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle almal! Amen.

### **En dan sal die einde kom**

#### **Mattheüs 24:1-14**

<sup>1</sup>En Jesus het uitgegaan en van die tempel vertrek, en sy dissipels het nader gekom om Hom die geboue van die tempel te wys. <sup>2</sup>En Jesus sê vir hulle: Sien julle al hierdie dinge? Voorwaar Ek sê vir julle, daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word, wat nie afgebreek sal word nie. <sup>3</sup>En toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld? <sup>4</sup>En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie. <sup>5</sup>Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei. <sup>6</sup>En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. <sup>7</sup>Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke. <sup>8</sup>Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte. <sup>9</sup>Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam. <sup>10</sup>En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat. <sup>11</sup>En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei. <sup>12</sup>En omdat die ongeregtheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel. <sup>13</sup>Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word. <sup>14</sup>En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.

### **Verhaas Sy koms**

#### **2 Petrus 3:11-13**

<sup>11</sup>Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? -- <sup>12</sup>julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt. <sup>13</sup>Maar ons verwag volgens Sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon.

### **Kerkplanters, almal van ons**

#### **1 Korinthiërs 12:28**

<sup>28</sup>En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, regeringe, allerhande tale.

#### **1 Korinthiërs 12:28 (nkjv)**

<sup>28</sup>And God has appointed these in the church: first apostles, second prophets, third teachers, after that miracles, then gifts of healings, helps, administrations, varieties of tongues.

### **Wat as...**

#### **Lukas 18:18-23**

<sup>18</sup>En 'n sekere owerste vra Hom en sê: Goeie Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe? <sup>19</sup>En Jesus antwoord hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie behalwe een, naamlik God. <sup>20</sup>Jy ken die gebooie: Jy mag nie egbreek nie; jy mag nie doodslaan nie; jy mag nie steel nie; jy mag geen valse getuienis gee nie; eer jou vader en jou moeder. <sup>21</sup>En hy sê: Al hierdie dinge het ek onderhou van my jeug af. <sup>22</sup>En toe Jesus dit hoor, antwoord Hy hom: Nog een ding ontbreek jou--verkoop alles wat jy het, en verdeel dit onder die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; kom dan hier, volg My. <sup>23</sup>Toe hy dit hoor, het hy diep bedroef geword, want hy was baie ryk.